Gebiede, Strate of Plekke waar Smousery Ingevolge Artikel 3 Verbied word.

- (a) Hoogestraat, tussen Potgieterstraat en Van Riebeeckweg.
- (b) Voortrekkerweg, tussen De Klerkstraat en Krugerstraat.
- (c) Ruiterweg, tussen Potgieterstraat en Krugerstraat.
- (d) Pretoriussstraat, tussen Potgieterstraat en Van Riebeeckweg.
- (e) Potgieterstraat, tussen Rabestraat en Vredenburgstraat.
- (f) Retiefstraat, tussen Rabestraat en Pretoriussstraat.
- (g) Van Riebeeckweg, tussen Fouriestraat en Pretoriussstraat.

PB. 2-4-2-47-27

SCHEDULE C.

Area, Streets or Places Where Hawking Prohibited in Terms of Section 3.

- (a) Hooge Street, between Potgieter Street and Van Riebeeck Road.
- (b) Voortrekker Road, between De Klerk Street and Kruger Street.
- (c) Ruiter Road, between Potgieter Street and Kruger Street.
- (d) Pretoriuss Street, between Potgieter Street and Van Riebeeck Road.
- (e) Potgieter Street, between Rabe Street and Vredenburg Street.
- (f) Retief Street, between Rabe Street and Pretoriuss Street.
- (g) Van Riebeeck Road, between Fourie Street and Pretoriuss Street.

PB. 2-4-2-47-27

Administrateurskennisgewing 708

11 Julie 1979

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN: WYSIGING VAN VERORDENINGE OP DIE VERHURING VAN DIE STADSAAL EN/OF ANDER VERTREKKE IN DIE MUNISIPALE GEBOU.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedkeur is.

Die Verordeninge op die Verhuring van die Stadsaal en/of Ander Vertrekke in die Munisipale Geboue van die Munisipaliteit Randfontein, aangekondig by Administrateurskennisgewing 296 van 15 Junie 1932, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Skedule deur die volgende te vervang:

"TARIEF VAN GELDE.

Stadsaal	Klinieksaal		
Tus-sen	Tus-sen	Tus-sen	Tus-sen
08h00	18h00	08h00	18h00
en	en	en	en
18h00	24h00	18h00	24h00
R	R	R	R

1. Gelde Betaalbaar per uur of Gedeelte Daarvan:

(1) Alle funksies waarvoor geen toegangsgelde gehef word nie, geen kollekte of bydrae opgeneem of waarop geen artikels of goedere te koop aangebied word nie— insluitend kerkdienste en aanbiedinge deur TRUK:

- | | | | | |
|------------------------------|---|---|---|---|
| (a) Plaaslike inwoners | 4 | 5 | 1 | 2 |
| (b) Ander | 6 | 7 | 2 | 3 |

"TARIFF OF CHARGES.

Town Hall	Clinic Hall		
Bet-ween	Bet-ween	Bet-ween	Bet-ween
08h00	18h00	08h00	18h00
and	and	and	and
18h00	24h00	18h00	24h00
R	R	R	R

1. Charges Payable per Hour or Part thereof:

(1) All functions for which no admittance is charged, no collections or contributions are received or where no articles or goods are offered for sale inclusive of church services and PACT presentations:

- | | | | | |
|---------------------------|---|---|---|---|
| (a) Local residents | 4 | 5 | 1 | 2 |
| (b) Others | 6 | 7 | 2 | 3 |

	<i>Stadsaal</i>	<i>Klinieksaal</i>		
	<i>Tus-sen</i>	<i>Tus-sen</i>	<i>Tus-sen</i>	<i>Tus-sen</i>
	<i>08h00</i>	<i>18h00</i>	<i>08h00</i>	<i>18h00</i>
	<i>en</i>	<i>en</i>	<i>en</i>	<i>en</i>
	<i>18h00</i>	<i>24h00</i>	<i>18h00</i>	<i>24h00</i>
	<i>R</i>	<i>R</i>	<i>R</i>	<i>R</i>

(2) Alle funksies waarvoor toegangsgelde gehef word, kollekte of bydraes opgeneem word of waarop artikels of goedere te koop aangebied word:

(a) Plaaslike inwoners	6	7	2	3
(b) Ander	8	9	3	4
(3) Voorbereiding van saal	3		1,50	
(4) Repetisies	3		1,50	
(5) Brandbeskerming vir alle funksies genoem onder (1) en (2)	2		2	

Alle gelde is vooruitbetaalbaar.

2. Gebruik van alle sale vir die volgende geleenthede is gratis: Met dien verstaande dat in geval van 'n geskil oor die aard van 'n liggaam, die eindbeslissing by die raad berus.

- (1) Burgemeester- en Burgemeestersvroubyeenkomste.
- (2) Vergaderings van belastingbetalers deur die Burgemeester belê.

(3) Vergaderings of byeenkomste van die S.A. Rookkruisvereniging, S. A. Noodhulpliga, St John's Ambulansbrigade, Bloedoortappingsdiens, Padveiligheidsvereniging, SANTA, Groenkruiskomitee, SAMWV, Suderkruifonds en die Burgerlike Beskermingsorganisasie."

PB. 2-4-2-94-29

Administrateurskennisgiving 709

11 Julie 1979

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN: WYSIGING VAN VERORDENINGE IN VERBAND MET DIE VERHUUR VAN DIE RANDGATESAAL EN/OF ANDER KAMERS.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge in Verband met die Verhuur van die Randgatesaal en/of ander Kamers van die Munisipaliteit Randfontein, afgekondig by Administrateurskennisgiving 26 van 20 Januarie 1937, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder die Skedule deur die volgende te vervang:

"TARIEF VAN GELDE.

	<i>Tus-sen</i>	<i>Tus-sen</i>		
	<i>08h00</i>	<i>18h00</i>		
	<i>en</i>	<i>en</i>		
	<i>18h00</i>	<i>24h00</i>		
	<i>R</i>	<i>R</i>		

1. Gelde Betaalbaar per Uur of Gedeelte Daarvan:

- (1) Alle funksies waarvoor geen toegangsgelde gehef word nie, geen kollekte

	<i>Town Hall</i>	<i>Clinic Hall</i>		
	<i>Bet-ween</i>	<i>Bet-ween</i>	<i>Bet-ween</i>	<i>Bet-ween</i>
	<i>08h00</i>	<i>18h00</i>	<i>08h00</i>	<i>18h00</i>
	<i>and</i>	<i>and</i>	<i>and</i>	<i>and</i>
	<i>18h00</i>	<i>24h00</i>	<i>18h00</i>	<i>24h00</i>
	<i>R</i>	<i>R</i>	<i>R</i>	<i>R</i>

(2) All functions for which admission is charged, collections or contributions received or where goods or articles are offered for sale:

(a) Local residents	6	7	2	3
(b) Others	8	9	3	4

(3) Preparation of the hall 3 1,50

(4) Repetitions 3 1,50

(5) Fire protection for all functions mentioned under

(1) and (2) 2 2

All charges shall be payable in advance.

2. Use of the halls for the following purposes are free of charge: Provided that in the event of a dispute as to the nature of a body the council's decision shall be final:

(1) Mayoral functions, functions convened by the Mayoress.

(2) Meetings of ratepayers convened by the Mayor.

(3) Meetings or functions of the S. A. Red Cross Society, S.A. First Aid League, St John's Ambulance Brigade, Blood Transfusion Service, Road Safety Association, SANTA, Green Cross Committee, SAAME, Southern Cross and the Civil Defence Organisation."

PB. 2-4-2-94-29

Administrator's Notice 709

11 July, 1979

RANDFONTEIN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS GOVERNING THE HIRE OF THE RANDGATE HALL AND/OR OTHER ROOMS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Governing the Hire of the Randgate Hall and/or other Rooms of the Randfontein Municipality, published under Administrator's Notice 26, dated 20 January 1937, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

"TARIFF OF CHARGES.

	<i>Bet-ween</i>	<i>Bet-ween</i>		
	<i>08h00</i>	<i>18h00</i>		
	<i>and</i>	<i>and</i>		
	<i>18h00</i>	<i>24h00</i>		
	<i>R</i>	<i>R</i>		

1. Charges Payable per Hour or Part Thereof:

- (1) All functions for which no admittance is charged, no collections or contribu-

	Tus- sen 08h00 en 18h00 R	Tus- sen 18h00 en 24h00 R	Bet- ween 08h00 and 18h00 R	Bet- ween 18h00 and 24h00 R		
of bydraes opgeneem of waarop geen artikels of goedere te koop aangebied word nie — insluitend kerkdienste en aanbiedinge deur TRUK:				tions are received or where no articles or goods are offered for sale inclusive of church services and PACT presentations:		
(a) Plaaslike inwoners	2	3		(a) Local residents	2	3
(b) Ander	3	4		(b) Others	3	4
(2) Alle funksies waarvoor toegangsgelde gehef word, kollektes of bydraes opgeneem word of waarop artikels of goedere te koop aangebied word:			(2) All functions for which admission is charged, collections or contributions received or where goods or articles are offered for sale:			
(a) Plaaslike inwoners	4	5	(a) Local residents	4	5	
(b) Ander	5	7	(b) Others	5	7	
(3) Voorbereiding van saal	1-50		(3) Preparation of the hall	1-50		
(4) Repetisies	1-50		(4) Repetitions	1-50		
(5) Brandbeskerming vir alle funksies genoem onder (1) en (2)	2		(5) Fire protection for all functions mentioned under (1) and (2)	2		

Alle gelde is vooruitbetaalbaar.

2. Gebruik van alle sale vir die volgende geleenthede is gratis: Met dien verstande dat in geval van 'n geskil oor die aard van 'n liggaam, die eindbeslissing by die raad berus:

- (1) Burgemeester- en Burgemeestersvroubyeenkomste.
- (2) Vergaderings van belastingbetalers deur die Burgemeester beïe.

(3) Vergaderings of byeenkomste van die S.A. Rookruisvereniging, S.A. Noodhulpliga, St John's Ambulansbrigade, Bloedoortappingsdiens, Padveiligheidsvereniging, SANTA, Groenkruiskomitee, SAMWV, Suiderkruifonds en die Burgerlike Beskermingsorganisasie."

PB. 2-4-2-94-29

Administrateurskennisgewing 710 11 Julie 1979

MUNISIPALITEIT SPRINGS: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-REGLEMENT VAN ORDE.

Daar die Standaard-Reglement van Orde, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1049 van 16 Oktober 1968, deur die Stadsraad van Springs aangeneem was by Administrateurskennisgewing 517 van 21 Mei 1969, publiseer die Administrateur hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat genoemde Raad ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie die wysiging van genoemde reglement van orde, aangekondig by Administrateurskennisgewing 307 van 21 Maart 1979, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-86-32

All charges shall be payable in advance.

(2) All functions for which admission is charged, collections or contributions received or where goods or articles are offered for sale:		
(a) Local residents	4	5
(b) Others	5	7
(3) Preparation of the hall	1-50	
(4) Repetitions	1-50	
(5) Fire protection for all functions mentioned under (1) and (2)	2	

All charges shall be payable in advance.

2. Use of the halls for the following purposes are free of charge: Provided that in the event of a dispute as to the nature of a body the council's decision shall be final:

- (1) Mayoral functions, functions convened by the Mayoress.
- (2) Meetings of ratepayers convened by the Mayor.
- (3) Meetings of functions of the S.A. Red Cross Society, S.A. First Aid League, St John's Ambulance Brigade, Blood Transfusion Service, Road Safety Association, SANTA, Green Cross Committee, SAAME, Southern Cross and the Civil Defence Organization."

PB. 2-4-2-94-29

Administrator's Notice 710

11 July, 1979

SPRINGS MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD STANDING ORDERS.

The Standard Standing Orders, published under Administrator's Notice 1049, dated 16 October 1968, having been adopted by the Town Council of Springs by Administrator's Notice 517, dated 21 May 1969, the Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the said Council has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the said standing orders, published under Administrator's Notice 307, dated 21 March 1979, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-86-32

Administrator's Notice 711	11 July, 1979	Administrator's Notice 711	11 July, 1979
MUNISIPALITEIT STILFONTEIN: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-REGLEMENT VAN ORDE.			STILFONTEIN MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD STANDING ORDERS.
<p>Daar die Standaard-Reglement van Orde, aangekondig by Administrateurkennisgewing 1049 van 16 Oktober 1968, deur die Stadsraad van Stilfontein aangeneem was by Administrateurkennisgewing 472 van 5 April 1972, publiseer die Administrateur hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat genoemde Raad ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie die wysiging van genoemde reglement van orde, aangekondig by Administrateurkennisgewing 307 van 21 Maart 1979, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.</p>			The Standard Standing Orders, published under Administrator's Notice 1049, dated 16 October 1968, having been adopted by the Town Council of Stilfontein by Administrator's Notice 472, dated 5 April 1972, the Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the said Council has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the said standing orders, published under Administrator's Notice 307, dated 21 March 1979, as by-laws made by the said Council.
PB. 2-4-2-86-115		PB. 2-4-2-86-115	
Administrator's Notice 712	11 Julie 1979	Administrator's Notice 712	11 July, 1979
DORP VENTERSDORP UITBREIDING 2.			VENTERSDORP EXTENSION 2 TOWNSHIP.
<p>Die Administrateur verbeter hierby die Bylae tot Administrateurkennisgewing 666 van 27 Junie 1979 deur die dorpsnaam "Ventersdorp Uitbreiding 3" te vervang met "Ventersdorp Uitbreiding 2".</p>			The Administrator hereby rectifies the Schedule to the Afrikaans text of Administrator's Notice 666 of 27 June 1979 by substituting the township name "Ventersdorp Uitbreiding 2" for "Ventersdorp Uitbreiding 3".
PB. 4-2-2-5851		PB. 4-2-2-5851	
Administrator's Notice 713	11 Julie 1979	Administrator's Notice 713	11 July, 1979
VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP.			DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.
<p>Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Delmas Uitbreiding 8 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.</p>			In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Delmas Extension 8 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.
PB. 4-2-2-5118		PB. 4-2-2-5118	
BYLAE.			SCHEDULE.
VOORWAARDEN WAAROP DIE AANSOEK GEOPEN DEUR DIE STADSRAAD VAN DELMAS INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 98 VAN DIE PLAAS WITKLIJF 232-I.R., PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS.			CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF DELMAS UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 98 OF THE FARM WITKLIJF 232-I.R., PROVINCE TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED.
I. STIGTINGSVOORWAARDEN.			I. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.
(1) <i>Naam.</i>			(1) <i>Name.</i>
Die naam van die dorp is Delmas Uitbreiding 8.			The name of the township shall be Delmas Extension 8.
(2) <i>Ontwerp.</i>			(2) <i>Design.</i>
Die dorp bestaan uit erwe en 'n straat soos aangedui op Algemene Plan L.G. A.1276/79.			The township shall consist of erven and a street as indicated on General Plan S.G. A.1276/79.
(3) <i>Beskikking Oor Bestaande Titelvoorwaardes.</i>			(3) <i>Disposal of Existing Conditions of Title.</i>
Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.			All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(4) *Voorkomende Maatreëls:*

Die dorpsseienaar moet op eie koste reëlings tref om te verseker dat —

- (a) water nie opdam nie, dat die hele oppervlakte van die dorpsgebied behoorlik dreineer word en dat strate doeltreffend met teer, beton of bitumen geseël word;
- (b) sloten en uitgravings vir fondamente, pype, kabels of vir enige ander doeleindeste behoorlik met klam grond in lae wat nie dikker as 150 mm is nie, opgevul word en dat dieselfde verdigtingsgraad as wat die omliggende materiaal het, verkry.

2. TITELVOORWAARDES.

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui opgelê deur die Administrator ingevolge Ordonnansie 25 van 1965.

(1) *Alle erwe:*

- (a) Geen stapelriole word op die erf toegelaat nie.
- (b) Sloten en uitgravings vir fondamente, pype, kabels of vir enige ander doeleindeste, moet tot voldoening van die plaaslike bestuur behoorlik met klam grond in lae wat nie dikker as 150 mm is nie, opgevul word en verdig word totdat dieselfde verdigtingsgraad verkry is as wat die omliggende materiaal het.
- (c) Opritte en tuinpaadjies moet tot voldoening van die plaaslike bestuur met teer, beton of bitumen geseël word om die insypeling van water van die oppervlakte af te verminder.
- (d) Alle pype wat water vervoer moet waterdig wees en moet van waterdige buigsame koppelings voorsien word.
- (e) Die hele oppervlakte van die erf moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur dreineer word om die opdamming van oppervlakwater te voorkom en water van dakgeute moet weg van die fondamente gestort word.
- (f) 'n Bodemverslag, opgestel deur 'n gekwalifiseerde persoon, aanvaarbaar vir die plaaslike bestuur, wat die grondtoestande van die erf aandui en aanbevelings met betrekking tot toepaslike fonderingsmetodes en dieptes moet, indien die plaaslike bestuur dit vereis, tesame met die bouplanne aan die plaaslike bestuur voorgelê word voordat enige bouaktiwiteite op die erf 'n aanvang neem. Voorstelle om nadelige grondtoestande tot bevrediging van die plaaslike bestuur te oorbrug moet in die bouplanne vervat wees en alle geboue moet opgerig word in ooreenstemming met die voorkomende maatreëls wat deur die plaaslike bestuur aanvaar is.
- (g) Nog die eienaar, nog enigiemand anders, besit die reg om vir enige doel hoegenaamd, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.
- (h) Nog die eienaar, nog enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindeste in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe of enige bestaande gebruik voort te sit sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(4) *Precautionary Measures:*

The township owner shall at its own expense make arrangements in order to ensure that —

- (a) water will not dam up, that the entire surface of the township area be drained properly, and that streets be sealed effectively with tar, cement or bitumen;
- (b) trenches and excavations for foundations, pipes, cables or for any other purposes be properly refilled with damp soil in layers not thicker than 150 mm, and be compacted until the same grade of compaction as that of the surrounding material is obtained.

2. CONDITIONS OF TITLE.

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of Ordinance 25 of 1965.

(1) *All erven:*

- (a) No french drains shall be permitted on the erf.
- (b) Trenches and excavations for foundations, pipes, cables or for any other purposes, shall be properly refilled with damp soil in layers not thicker than 150 mm, and shall be compacted until the same grade of compaction as that of the surrounding material is obtained to the satisfaction of the local authority.
- (c) Ramps and garden paths shall be sealed with tar, cement or bitumen in order to reduce the infiltration of water from the surface to the satisfaction of the local authority.
- (d) All pipes which carry water shall be watertight and shall be provided with watertight flexible gaskets.
- (e) The entire surface of the erf shall be drained to the satisfaction of the local authority in order to prevent surface water from damming up, and water from roof-gutters shall be discharged away from the foundations.
- (f) A soils report by a qualified person acceptable to the local authority indicating the soil conditions of the erf and recommendations as to suitable founding methods and depths shall be submitted to the local authority simultaneously with the submission of building plans and prior to the commencement of any building operations on the erf. Proposals to overcome the detrimental soil conditions to the satisfaction of the local authority shall be contained in the building plans and all buildings shall be erected in accordance with the precautionary measures accepted by the local authority.
- (g) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.
- (h) Neither the owner nor any other person shall have the right, save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material or to continue an existing use without the written consent of the local authority.

- (i) Behalwe met toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier, soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, soos aangekondig by Administrateurskennisgewing 2 van 1929, op die erf aan gehou of gestal word nie.
- (j) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur mag geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene op die erf opgerig word nie.
- (k) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike bestuur mag ople, mag nog die eienaar, nog enige bewoner van die erf putte of boorgate op die erf sink of enige ondergrondse water daaruit put nie.
- (l) Waar dit volgens die mening van die plaaslike bestuur ondoenlik is om stormwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige stormwater op sy erf vloeï en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, vanwaar die stormwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.
- (m) By die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes deur die plaaslike bestuur te dien effekte dat die dorp in 'n goedgekeurde dorpsbeplanningskema opgeneem is en dat die skema voorwaardes bevat wat in ooreenstemming is met die titelvoorwaardes hierin vervat, verval sodanige titelvoorwaardes.
- (n) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.
- (o) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- (p) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrave word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goed-dunke noodsaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

(2) Spesiale erwe:

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (1) hiervan, is ondergenoemde erwe onderworpe aan die voorwaardes hieronder aangedui:

(a) Erf 779:

Die erf moet slegs gebruik word om daarop winkels, kantore en professionele kamers op te rig: Met dien

- (i) Except with the consent of the local authority, no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations, published under Administrator's Notice 2 of 1929, shall be kept or stabled on the erf.
- (j) Except with the written consent of the local authority, no wood and/or buildings or buildings of unburnt clay brick shall be erected on the erf.
- (k) Except with the written consent of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.
- (l) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street, the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.
- (m) Upon the submission to the Registrar of Deeds of a certificate by the local authority to the effect that the township has been included in an approved town-planning scheme, and that the scheme contains conditions corresponding to the title conditions contained herein, such title conditions shall lapse.
- (n) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (o) No building or other structure shall be erected within in the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (p) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) Special erven:

In addition to the conditions set out in subclause (1) hereof, the undermentioned erven shall be subject to the following conditions:

(a) Erf 779:

The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon shops, offices and professional suites:

verstande dat, met die toestemming van die plaaslike bestuur, die erf ook gebruik kan word vir die doeleindes van 'n onderrigplek, geselligheidsaal, vermaakklikheidsplek, droogsloonmaker, visbakker, vishandelaar, wassery, bakkery, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of vir 'n openbare garage.

- (i) Indien die erf gebruik word vir die oprigting van winkels, kantore en professionele kamers sal die volgende voorwaardes van toepassing wees:
 - (aa) Die hoogte van die geboue mag nie twee verdiepings oorskry nie.
 - (bb) Die totale dekking van alle geboue mag nie meer as 90 % van die oppervlakte van die erf beslaan nie.
 - (cc) Die erf mag nie vir woondoeleindes gebruik word nie.
 - (dd) Parkering moet op die erf tot bevrediging van die plaaslike bestuur verskaf word indien die plaaslike bestuur dit vereis.
 - (ee) Voorsiening moet op die erf gemaak word vir die op- en aflaai van voertuie tot bevrediging van die plaaslike bestuur.
 - (ff) Die plasing van alle geboue en in- en uitgange tot 'n openbare straatstelsel moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.
 - (gg) 'n Skermmuur, twee meter hoog, moet langs die grens van die erf tot bevrediging van die plaaslike bestuur opgerig word. Die omvang, ontwerp, posisie en instandhouding van die muur moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.
 - (hh) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.
 - (ii) Die geregistreerde eienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die algemene ontwikkeling op die erf. Indien die plaaslike bestuur meen dat die perseel of enige gedeelte van die ontwikkeling nie bevredigend instand gehou word nie, is die plaaslike bestuur geregtig om sodanige instandhouding op koste van die geregistreerde eienaar te onderneem.
- (ii) Indien die erf gebruik word vir die doeleindes van 'n openbare garage sal die volgende voorwaardes van toepassing wees:
 - (aa) Die geboue mag nie meer as twee verdiepings hoog wees nie.
 - (bb) Die totale dekking van alle geboue mag nie meer as 40 % van die oppervlakte van die erf beslaan nie.
 - (cc) 'n Minimum van 40 % van die oppervlakte van die erf moet vir parkering en beweegruimtedoeleindes verskaf word, met dien verstande dat sodanige parkerings- en beweegoppervlaktes, die oppervlaktes rondom die brandstofpompialende mag insluit maar nie die gebiede van die werkswinkels, vertoonkamers, die werksvlak, smeerdienstvlak en wasvlak, mag insluit nie.

Provided that with the consent of the local authority the erf may also be used for a place of instruction, social hall, place of amusement, dry cleaner, fishfrier, fishmonger, launderette, bakery or a place of public worship or a public garage.

- (i) If the erf is used for the purpose of erecting thereon shops, offices and professional suites the following conditions will be applicable:
 - (aa) The height of the buildings shall not exceed two storeys.
 - (bb) The total coverage of all buildings shall not exceed 90 % of the area of the erf.
 - (cc) The erf shall not be used for residential purposes.
 - (dd) Parking shall be provided on the erf to the satisfaction of the local authority if it is required by the local authority.
 - (ee) Provision shall be made on the erf for the loading and off-loading of vehicles to the satisfaction of the local authority.
 - (ff) The siting of all buildings and ingress to and egress from the erf to a public street system shall be to the satisfaction of the local authority.
 - (gg) A screen wall, two metres high, shall be erected to the satisfaction of the local authority along the boundary of the erf. The extent, materials, design, position and maintenance of the wall shall be to the satisfaction of the local authority.
 - (hh) The business building shall be erected simultaneously with or before the out-buildings.
 - (jj) The registered owner shall be responsible for the maintenance of the whole development on the erf. If the local authority is of the opinion that the premises or any part of the development is not kept in a satisfactory state of maintenance, then the local authority shall be entitled to undertake such maintenance at the registered owner's cost.
- (ii) If the erf is used for the purposes of a public garage, the following conditions shall be applicable:
 - (aa) The buildings shall not exceed two storeys in height.
 - (bb) The total coverage of all buildings shall not exceed 40 % of the area of the erf.
 - (cc) A minimum of 40 % of the area of the erf shall be provided for parking and manoeuvring purposes: Provided that such parking and manoeuvring area may include the aprons surrounding fuel pump islands but shall not include the areas of workshops, show-rooms, workbays, lubrication bays and washbays.

(dd) 'n Skermmuur, twee meter hoog, moet opgerig word tot bevrediging van die plaaslike bestuur.

Die omvang, materiaal, ontwerp, posisie en instandhouding van die muur moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.

(ee) Alle parkeerterreine, ryvlakke vir motorvoertuie en in- en uitgange van en tot die erf, moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur verskaf, geplavei en in stand gehou word.

(ff) Die uitleg van die erf, plasing van geboue en in- en uitgange tot die openbare straatstelsel moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur geskied.

(gg) Geen materiaal van enige aard hoegeenaamd mag hoër as die hoogte van die skermmuur geberg of gestapel word nie.

(hh) Geen herstelwerk aan voertuie of toerusting van enige aard mag buite die garagegebou of skermmuur verrig word nie.

(jj) Geen sputerverfwerk, duikuitklopwerk, of stoomdrukskoonmaakwerk word op die erf toegelaat nie.

(kk) Geen voertuie mag geparkeer of materiaal of toerusting van enige aard buite die garagegebou of skermmuur geberg of gestapel word nie.

(b) Erf 775:

Die erf mag slegs gebruik word vir die doeleindes van parkering en vir doeleindes in verband daarmee, onderworpe aan sodanige vereistes as wat deur die plaaslike bestuur bepaal mag word.

(3) *Besigheidserwe:*

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (1) hiervan is Erwe 774 en 776 tot 778 aan die volgende voorwaardes onderworpe:

- (a) Die erf moet slegs gebruik word om daarop winkels, kantore en professionele kamers op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die plaaslike bestuur, die erf ook gebruik kan word vir die doeleindes van 'n onderrigplek, geselligheidsaal, vermaaklikheidsplek, droogskoonmaker, visbakker, vishandelaar, wassery, bakkery, of 'n plek vir openbare godsdiensoefening.
- (b) Die hoogte van die geboue mag nie twee verdiepings oorskry nie.
- (c) Die totale dekking van alle geboue mag nie meer as 90 % van die oppervlakte van die erf beslaan nie.
- (d) Die erf mag nie vir woondoeleindes gebruik word nie.
- (e) Parkering op die erf moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur verskaf word indien die plaaslike bestuur dit vereis.
- (f) Voorsiening moet op die erf gemaak word vir die op- en aflaai van voertuie tot bevrediging van die plaaslike bestuur.

(dd) A screen wall, two metres high, shall be erected to the satisfaction of the local authority. The extent, materials, design, position and maintenance of the wall shall be to the satisfaction of the local authority.

(ee) All parking areas and road surfaces for motor vehicles and entrances to and exits from the erf shall be provided, paved and maintained to the satisfaction of the local authority.

(ff) The layout of the erf, the siting of buildings and ingress from and egress to the public street system shall be to the satisfaction of the local authority.

(gg) No material of any kind whatsoever shall be stored or stacked to a greater height than the screen wall.

(hh) No repairs shall be done to vehicles or equipment of any kind outside the garage building or the screen wall.

(jj) No spraypainting work, panelbeating work or steam pressure cleaning work shall be allowed on the erf.

(kk) No vehicles shall be parked or materials of any kind stored or stacked outside the garage building or the screen wall.

(b) Erf 775:

The erf shall be used solely for the purpose of parking and for purposes incidental thereto, subject to such requirements as may be determined by the local authority.

(3) *Business erven:*

In addition to the conditions set out in subclause (1) hereof, Erven 774 and 776 to 778 shall be subject to the following conditions:

- (a) The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon shops, offices and professional suites: Provided that with the consent of the local authority the erf may also be used for a place of instruction, social hall, place of amusement, dry cleaner, fishfrier, fishmonger, launderette, battery or a place of public worship.
- (b) The height of the buildings shall not exceed two storeys.
- (c) The total coverage of all buildings shall not exceed 90 % of the area of the erf.
- (d) The erf shall not be used for residential purposes.
- (e) Parking shall be provided on the erf to the satisfaction of the local authority if it is required by the local authority.
- (f) Provision shall be made on the erf for the loading and off-loading of vehicles to the satisfaction of the local authority.

- (g) Die plasing van alle geboue en in- en uitgange tot 'n openbare straatstelsel moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.
- (h) 'n Skermmuur, twee meter hoog, moet langs die grens van die erf tot bevrediging van die plaaslike bestuur opgerig word. Die omvang, ontwerp, posisie en instandhouding van die muur moet tot bevrediging van die plaaslike bestuur wees.
- (i) Die besigheidsgebou moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.
- (j) Die geregistreerde eienaar is verantwoordelik vir die instandhouding van die algehele ontwikkeling op die erf. Indien die plaaslike bestuur meen dat die perseel of enige gedeelte van die ontwikkeling nie bevredigend instand gehou word nie, is die plaaslike bestuur geregtig om sodanige instandhouding op koste van die geregistreerde eienaar te onderneem.

Administrateurskennisgewing 714

11 Julie 1979

BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA 1/209.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorppe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedkeur het dat Boksburg-dorpsaanlegskema 1, 1946, gewysig word deur die hersonering van Erwe 66 en 67, dorp Berton Park, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiaal" vir die parkering van voertuie, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk Boksburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Boksburg-wysigingskema 1/209.

PB. 4-9-2-8-209

Administrateurskennisgewing 715

11 Julie 1979

BUITESTEDELIKE GEBIEDE-WYSIGINGSKEMA 22.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorppe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedkeur het dat Buitestedelike Gebiede-dorpsbeplanningskema 1975 gewysig word deur die hersonering van Erwe 1500 en 1501, dorp Secunda, van "Spesiaal" vir woon-eenhede en Erf 1533, dorp Secunda, van "Openbare Oopruimte" tot "Woon 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 000 m²" en "Openbare Oopruimte", onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Sekretaris, Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye:

Hierdie wysiging staan bekend as Buitestedelike Gebiede-wysigingskema 22.

PB. 4-9-2-111-22

- (g) The siting of all buildings, ingress to and egress from the erf to a public street system shall be to the satisfaction of the local authority.
- (h) A screen wall, two metres high, shall be erected to the satisfaction of the local authority along the boundary of the erf. The extent, materials, design, position and maintenance of the wall shall be to the satisfaction of the local authority.
- (i) The business buildings shall be erected simultaneously with or before the outbuildings.
- (j) The registered owner shall be responsible for the maintenance of the whole development on the erf. If the local authority is of the opinion that the premises or any part of the development is not kept in a satisfactory state of maintenance, then the local authority shall be entitled to undertake such maintenance at the registered owner's cost.

Administrator's Notice 714

11 July, 1979

BOKSBURG AMENDMENT SCHEME 1/209.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the Amendment of Boksburg Town-planning Scheme 1, 1946, by the rezoning of Erven 66 and 67, Berton Park Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special" for the parking of vehicles, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Boksburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Boksburg Amendment Scheme 1/209.

PB. 4-9-2-8-209

Administrator's Notice 715

11 July, 1979

PERI URBAN AREAS AMENDMENT SCHEME 22.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the Amendment of Peri Urban Areas Town-planning Scheme 1975 by the rezoning of Erven 1500 and 1501, Secunda Township, from "Special" for dwelling units and Erf 1533, Secunda Township, from "Public Open Space" to "Residential 1" with a density of "One dwelling per 1 000 m²" and "Public Open Space", subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Secretary, Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Peri Urban Areas Amendment Scheme 22.

PB. 4-9-2-111-22

Administrateurskennisgewing 716 11 Julie 1979

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA 1069.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 1958 gewysig word deur die hersonering van Gedeelte 2 van Lot 246, dorp Edenburg, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per erf" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 20 000 vk. vt.", onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Noordelike Johannesburgstreek-wysigingskema 1069.

PB. 4-9-2-116-1069

Administrateurskennisgewing 717 11 Julie 1979

PRETORIA-WYSIGINGSKEMA 447.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Pretoria-dorpsbeplanningskema 1974 gewysig word deur die hersonering van Gedeelte 1 van Erf 257, dorp Wolmer, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 1 250 m²" tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 500 m²", onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk Pretoria en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoria-wysigingskema 447.

PB. 4-9-2-3H-447

Administrateurskennisgewing 718 11 Julie 1979

VEREENIGING-WYSIGINGSKEMA 1/138.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Vereeniging-dorpsaanlegskema 1, 1956, gewysig word deur die hersonering van —

- (a) dele van Erf 364, dorp Three Rivers;
- (b) deel van Erf 634, dorp Three Rivers; en
- (c) Erf 632, dorp Three Rivers

van "Openbare Oopruimte" almal tot "Spesiaal" vir 'n natuuroord en plek van ontspanning, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Vereeniging en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Administrator's Notice 716 .

11 July, 1979

NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 1069.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the Amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 1958 by the rezoning of Portion 2 of Lot 246, Edenburg Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per erf" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 20 000 sq. ft.", subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme 1069.

PB. 4-9-2-116-1069

Administrator's Notice 717

11 July, 1979

PRETORIA AMENDMENT SCHEME 447.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the Amendment of Pretoria Town-planning Scheme 1974, by the rezoning of Portion 1 of Erf 257, Wolmer Township, from "Special Residential" with a density of "One dwelling per 1 250 m²" to "Special Residential" with a density of "One dwelling per 500 m²", subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Amendment Scheme 447.

PB. 4-9-2-3H-447

Administrator's Notice 718

11 July, 1979

VEREENIGING AMENDMENT SCHEME 1/138.

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the Amendment of Vereeniging Town-planning Scheme 1, 1956, by the rezoning of —

- (a) parts of Erf 364, Three Rivers Township;
- (b) part of Erf 634, Three Rivers East Township; and
- (c) Erf 632, Three Rivers East Township,

from "Public Open Space" all to "Special" for a nature reserve and a place of recreation, subject to certain conditions.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Vereeniging and are open for inspection at all reasonable times.

Hierdie wysiging staan bekend as Vereeniging-wysingskema 1/138.

PB. 4-9-2-36-138

Administrateurskennisgewing 721 11 Julie 1979

GESONDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL-BOVEN: WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 126A(2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126(1)(a) van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Rioleringsverordeninge van die Gesondheidskomitee van Waterval-Boven afgekondig by Administrateurskennisgewing 106 van 13 Februarie 1963, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur items 1 en 2 van Deel III onder Bylae A deur die volgende te vervang:

"1. TARIEF VAN GELDE.

(1) Vir die toepassing van hierdie item, sluit die woord "erf" enige erf, standplaas, onderverdeling, lot of ander gebied, met of sonder verbeterings, en landbougrond in.

(2) Indien 'n erf, of daar verbeteringe op is of nie, verbind is met 'n rioolstelsel wat deur die komitee beheer word, of na die mening van die komitee met die rioolstelsel verbind kan word, betaal die eienaar of okkuperdeer van die erf die volgende gelde:

(a) Ten opsigte van elke erf, maar uitgesonderd erwe soos in subitems (b) en (c) hieronder beskryf, per maand:

- (i) Vir die eerste toilet
- (ii) Daarna, per toilet
- (iii) Per bediendetoilet

(b) Ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Spoerweë se stasieterrein en installasies soos stationsgeboue, werkinkel en goedereloodse, per halfjaar 8 750

(c) Ten opsigte van vuilwater en nagvuilverwydering in woongebied vir anderkleuriges, per halfjaar 3 125

PB. 2-4-2-34-106

Administrateurskennisgewing 719 11 Julie 1979

VERBETERING VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWING 652 VAN 26 MEI 1976 IN VERBAND MET DIE VERBREDING VAN DIE RESERWE VAN OPENBARE PAD 374: (RANDBURG — HONEY DEW — RIETFONTEIN) DISTRIKTE JOHANNESBURG, ROODEPOORT EN KRUGERSDORP.

Administrateurskennisgewing 652 van 26 Mei 1976 word hiermee verbeter deur die sketsplanne daarin vermeld, te vervang met bygaande sketsplanne.

U.K.B. 742-22/4/1973
D.P.H. 022J-14/9/26 10/4/1/4/374(1)

This amendment is known as Vereeniging Amendment Scheme 1/138.

PB. 4-9-2-36-138

Administrator's Notice 721

11 July, 1979

WATERVAL-BOVEN HEALTH COMMITTEE: AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 126A(2) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126(1)(a) of the said Ordinance.

The Drainage By-laws of the Waterval-Boven Health Committee, published under Administrator's Notice 106, dated 13 February, 1963, as amended are hereby further amended by the substitution for items 1 and 2 of Part III under Schedule A of the following:

"1. TARIFF OF CHARGES.

(1) For the purpose of this item, the word "erf" shall include any erf, stand, subdivision, lot or area, with or without improvements, and agricultural land.

(2) Where any erf, whether or not there are any improvements thereon, is or, in the opinion of the Committee can be connected to the sewer under the control of the Committee, the owner or occupier of that erf shall pay the following charges:

(a) In respect of every erf, but excluding erven described in subitens (b) and (c) hereunder, per month:

R		R
5		5
2		2
1		1

(b) In respect of the South African Railway station yard and installations such as station buildings, workshops and goods shed, per half-year 8 750

(c) For the waste water and night soil disposal in the residential area for persons of colour, per half-year 3 125

PB. 2-4-2-34-106


Administrator's Notice 719

11 July, 1979

AMENDMENT OF ADMINISTRATOR'S NOTICE 652 OF 26 MAY, 1976 IN CONNECTION WITH THE INCREASE IN RESERVE WIDTH OF PUBLIC ROAD 374: (RANDBURG — HONEY DEW — RIETFONTEIN) DISTRICTS OF JOHANNESBURG, ROODEPOORT AND KRUGERSDORP.

The Administrator hereby amends Administrator's Notice 652 of 26 May, 1976 by the substitution of the sketch plans referred to therein for the subjoined sketch plans.

E.C.R. 742-22/4/1973
D.P.H. 022J-14/9/26 10/4/1/4/374(1)



KOÖRDINATE

CO-ORDINATES

STELSEL	X	Y	0,0	+ 2 000 000,00 (Int m)	ZANDSPRUIT 191-IQ
L 1	- 87092,55	+ 79937,51	L 34	- 89095,20	+ 83099,48
L 2	- 87139,86	+ 79961,39	L 35	- 89913,20	+ 83109,32
L 3	- 87206,30	+ 79994,00	L 36	- 89910,03	+ 83129,05
L 4	- 87226,52	+ 79987,22	L 37	- 89953,77	+ 83182,86
L 5	- 87241,44	+ 79993,84	L 38	- 90080,76	+ 83332,91
L 6	- 87247,81	+ 80014,14	L 39	- 90190,74	+ 83453,71
L 7	- 87326,31	+ 80056,63	L 40	- 90230,90	+ 83496,39
L 8	- 87427,79	+ 80125,47	L 41	- 90248,21	+ 83494,07
BYLAE B.

REGTE GERAAK DÉUR DIE PAD WAARNA IN BYLAE A VERWYS WORD.

1. 'n Serwituut vir riool-, stormwater- en waterpylyndoelendeinde, gehou kragtens Titelakte No. 464/1969-S, en aangetoond op Diagram S.G. No. A.1348/62, wat ten gunste van die Stadsraad van Germiston geregistreer is.

2. 'n Serwituut vir kraglyndoelendeinde, gehou kragtens Titelakte No. K.2240/1974, 47,23 meter in breedte langs die oostelike grens van Hoeve No. 15 Nortons Small Farms, bestaande uit twee parallel kraglyne 15,5 meter van mekaar, wat ten gunste van die Elektriesevoorsieningskommissie geregistreer is.

H. J. DEETLEFS,
Stadssekretaris.

Stadskantore,
Germiston.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 73/1979.

CITY COUNCIL OF GERMISTON.

PROCLAMATION OF A ROAD OVER HOLDING NO. 15 NORTONS SMALL FARMS — DISTRICT GERMISTON.

Notice is hereby given in terms of the provisions of the Local Authorities Roads Ordinance No. 44 of 1904, as amended, that the City Council of Germiston has petitioned the Administrator to proclaim as a public road the road described in the Schedule of this notice.

A copy of the petition and the relevant diagram can be inspected at Room 115, Municipal Offices, President Street, Germiston, daily during normal office hours.

Any interested person desiring to lodge an objection, must lodge such objection in writing (in duplicate), with the Provincial Secretary, P.O. Box 383, Pretoria, 0001, and the undersigned not later than the 30th August, 1979.

SCHEDULE A.

DESCRIPTION.

A road directed north-south generally, 20,0 metres wide, with a splay at its northern end traversing Holding No. 15 Nortons Small Farms, district Germiston.

Commencing at a point on the northern boundary of Albemarle Extension No. 2 Township, which is also the south-western beacon of Dewittsrus Township; thence in a westerly direction for a distance of 20,0 metres along the said northern boundary of Albemarle Extension No. 2 Township; thence in a northerly direction for a distance of 246,10 metres; thence in a north-westerly direction for a distance of 8,48 metres to a point on the southern boundary of Chris Street; thence in an easterly direction along the said southern boundary of Chris Street for a distance of 26,0 metres; thence in a southern direction along the common boundary between Holdings 15 and 16 Nortons Small Farms, and between Holding 15 and Dewittsrus Township for a distance of 252,10 metres to the point of commencement.

The road is depicted and defined on Diagram S.G. No. A.2108/79.

The freehold owner of Holding No. 15 Nortons Small Farms is C. J. S. Meyer.

SCHEDULE B.

RIGHTS AFFECTION BY THE ROAD REFERRED TO IN SCHEDULE "A".

1. A servitude for the purpose of sewerage, stormwater and water pipelines, held by virtue of Deed of Servitude No. 464/1969-S, defined by Diagram S.G. No. A.1348/62, registered in favour of the City Council of Germiston.

2. A servitude for powerline purposes, held by virtue of Deed of Servitude No. K.2240/1974, 47,23 metres wide along the eastern boundary of Holding No. 15 Nortons Small Farms, consisting of two parallel powerlines 15,5 metres apart, registered in favour of the Electricity Supply Commission.

H. J. DEETLEFS,
Town Secretary.

Municipal Offices,
Germiston.
11 July, 1979.
Notice No. 73/1979.

559—11

STADSRAAD VAN HEIDELBERG TVL.

KENNISGEWING VAN EIENDOMS-BELASTING 1979/80.

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 24 van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, soos gewysig (hierna die ordonnansie genoem) dat die Stadsraad van Heidelberg die volgende belasting op die belasbare eiendom binne die munisipaliteit, soos dit op die waarderingslys verskyn, vir die boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980, opgêle het:

- ingevolge die bepalings van artikel 18(2) van die ordonnansie 'n oorspronklike belasting van 0,5c in die Rand op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipaliteit opgeneem in die waarderingslys vir die 1979/80 finansiële boekjaar;
- ingevolge die bepalings van artikel 18(3) van die ordonnansie 'n addisionele belasting van 2,5c in die Rand op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipaliteit opgeneem in die waarderingslys vir die 1979/80 finansiële boekjaar.

Bovermelde belasting sal vanaf 1 Julie 1979 in tien paaiemente betaalbaar wees met die eerste betalingsdatum 15 Augustus 1979 en daarna die 15de van elke maand tot en met 15 Mei 1980.

In enige geval waar die belastings hierby opgêle, nie op die bogenoemde datums betaal is nie, word rente teen 8% per jaar in berekening gebring en geregtelike stappe kan sonder meer teen wanbetalers ingestel word.

Belastingbetalers wat nie rekenings ten opsigte van bogenoemde belastings ontvanger nie, word versoen om met die stadssekretaris in verbinding te tree aangesien die nie-ontvangers van 'n rekening niemand van die aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige belasting onthef nie.

C. P. DE WITT,
Stadssekretaris
Munisipale Kantore,
Posbus 201,
Heidelberg,
2400.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 20/1979.

**TOWN COUNCIL OF HEIDELBERG
TVL.**

**NOTICE OF ASSESSMENT RATES:
1979/80.**

Notice is hereby given in terms of section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, as amended (hereafter referred to as the ordinance) that the following rates on the value of all rateable property within the municipality appearing in the valuation roll have been imposed by the Town Council of Heidelberg for the financial year, 1st July 1979 to the 30th June 1980:

- (a) in terms of section 18(2) of the ordinance an original rate of 0,5c in the Rand on the site value of all land within the municipality appearing in the valuation roll for the financial year 1979/80;
- (b) in terms of section 18(3) of the ordinance, a further additional rate of 2,5c in the Rand on the site value of all land within the municipality appearing in the valuation roll for the financial year 1979/80.

The abovementioned rates shall be payable as from the 1st July 1979 in 10 instalments with the first date of payment the 15th August 1979 and thereafter the 15th of every following month until the 15th May 1980.

In cases where the rates hereby imposed are not paid on the due dates, interest will be charged at the rate of 8% per annum and summary legal proceedings may be instituted against defaulters.

Ratepayers who do not receive accounts for assessment rates are requested to contact the town treasurer as the non-receipt of accounts shall not exempt any person from liability for payment of rates.

C. P. DE WITT,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 201,
Heidelberg.
2400.
11 July, 1979.
Notice No. 20/1979.

560—11

STADSRAAD VAN HEIDELBERG.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Heidelberg van voorneme is om:

- (a) Die Rioler- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit van Heidelberg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, verder te wysig deur die tariewe vir drekwateroefohore te verhoog;
- (b) die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit van Heidelberg afgekondig by Administrateurskennisgewing 11, van 12 Januarie 1949, soos gewysig, verder te wysig deur die tariewe vir vullisverwydering te verhoog;
- (c) die Brandweerafdelingsverordeninge van die Munisipaliteit van Heidelberg afgekondig by Administrateurskennisgewing 281 van 10 April 1957, soos gewysig, verder te wysig deur die tariewe vir ambulansdienste te verhoog;

(d) die Standaard Biblioteekverordeninge van die Munisipaliteit van Heidelberg afgekondig by Administrateurskennisgewing 218 van 23 Maart 1966, soos gewysig, verder te wysig deur die boetes ten opsigte van boeke wat nie op die bepaalde datum terug besorg word nie te verhoog.

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadssekretaris vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Proviniale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen dic wysiging van die genoemde verordeninge wens aan te teken moet dit skriftelik aan die Stadsklerk rig binne 14 dae na publikasie van hierdie kennisgewing in die Proviniale Koerant.

C. P. DE WITT,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 201,
Heidelberg.
2400.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 19/1979.

**HEIDELBERG MUNICIPALITY.
AMENDMENTS TO BY-LAWS.**

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Heidelberg intends to:

- (a) Further amend the Draining and Plumbing By-laws of the Heidelberg Municipality published under Administrator's Notice 509 of 1 August, 1962, as amended, by increasing the tariff for soil-water fittings;
- (b) further amend the Public Health By-laws of the Heidelberg Municipality, published under Administrator's Notice 11 of 12 January, 1949, as amended, by increasing the tariff for garage removal;
- (c) further amend the Fire Department By-laws of the Heidelberg Municipality, published under Administrator's Notice 281, dated 10 April, 1957, as amended, by increasing the tariff for ambulance services;
- (d) further amend the Standard Library By-laws of the Heidelberg Municipality published under Administrator's Notice 218, dated 23 March, 1966, as amended, to increase fines for failure to return books on the prescribed date.

Copies of these by-laws are open for inspection at the office of the Town Secretary during normal office hours for a period of fourteen days from the date of publication in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the adoption of the by-laws must do so in writing to the Town Clerk within 14 days after date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C. P. DE WITT,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 201,
Heidelberg.
2400.
11 July, 1979.
Notice No. 19/1979.

STAD JOHANNESBURG:

**WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE
EN RIOLERINGS- EN LOODGIETERS-
VERORDENINGE.**

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Raad voorneem is —

- (a) om die Bouverordeninge wat hy by Administrateurskennisgewing 726 van 16 Junie 1976 aangeneem het, verder te wysig sodat daarin voorsiening gemaak word vir 'n verhoging van die geldie wat aan die Raad betaalbaar is vir die oorweging van aansoeke om in verband met die oprigting van tekens en skuttings en aansoeke om die goedkeuring van bouplanne, en sodat daarin voorsiening gemaak word vir die betaling van geldie as planne in sekere omstandighede weer ingedien word;
- (b) om die Riolerings- en Loodgietersverordeninge wat by Administrateurskennisgewing 509, van 1 Augustus 1962 afgekondig is, verder te wysig sodat daarin voorsiening gemaak word vir 'n verhoging van die geldie wat aan die Raad betaalbaar is vir die oorweging van aansoeke in verband met die goedkeuring van rioleringswerk; en sodat daarin voorsiening gemaak word vir die betaling van geldie as planne in sekere omstandighede weer ingedien word.

Afskrifte van hierdie wysigings lê vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum waarop hierdie kennisgewing in die Proviniale Koerant gepubliseer word, dit wil sê vanaf 11 Julie 1979, gedurende kantoorure in kamer 0217, Blok A, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, ter insae.

Enigeen wat teen genoemde wysigings beswaar het, moet sy beswaar binne veertien dae na die datum waarop die kennisgewing in die Proviniale Koerant gepubliseer word, skriftelik by die ondergenoemde indien.

ALEWYN BURGER,
Stadsklerk.

Burgersentrum,
Braamfontein,
Johannesburg.
2001.
11 Julie 1979.

CITY OF JOHANNESBURG.

AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS AND DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends —

- (a) to further amend the Building By-laws adopted by it under Administrator's Notice 726, dated 16 June 1976, to provide for an increase in the fees payable to the Council for the consideration of application to erect signs and hoardings and applications for approval of building plans; and to provide for the payment of fees on the re-submission of plans in certain circumstances;
- (b) to further amend the Drainage and Plumbing By-laws promulgated under Administrator's Notice 509, dated 1 August, 1962, to provide for an increase in the fees payable to the Council for consideration of applications for

561—11

approval of drainage work; and to provide for the payment of fees on the re-submission of plans in certain circumstances.

Copies of these amendments are open for inspection during office hours at Room 0217, Block A, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette, i.e. 11 July, 1979.

Any person who desires to record his objection to the said amendments must do so in writing to the undermentioned within fourteen days after the date of publication of the notice in the Provincial Gazette.

ALEWYN BURGER,
Town Clerk.

Civic Centre,
Braamfontein,
Johannesburg.
2001.
11 July, 1979.

562—11

STADSRAAD VAN KEMPTONPARK.

EIENDOMSBELASTING: 1979/1980.

Kennis word hierby gegee, ingevolge die bepalings van artikel 24 van die Plaaslike Bestuur-Belastingordonnansie, 20 van 1933, soos gewysig, dat die volgende eiendomsbelasting gehef word op die terreinwaarde van alle belasbare eiendom geleë binne die munisipale gebied van Kemptonpark, vir die Boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 soos op die Waarderingslys aangetoon:

- (i) Ingevolge artikel 18(2) 'n oorspronklike belasting van nul komma vyf sent (0,5 cent) in die Rand op terreinwaarde van grond;
- (ii) ingevolge artikel 18(3), 'n addisionele belasting van twee komma vyf sent (2,5 cent) in die Rand op die terreinwaarde van grond;
- (iii) ingevolge artikel 18(7)(a) word 'n rabat van vyf persent (5%) toegestaan op die belasting gehef op alle eiendom gesoneer vir "Speiale Woon" en "Algemene Woon" ingevolge die Raad se dorpsbeplanningskema wat in werkking is en 'n verdere rabat van twintig persent (20%) ten opsigte van alle eiendomme gesoneer vir "Algemene Woon" waarop enkel woonhuise opgerig is en welke woonhuise deur die geregistreerde grondeienaar self bewoon word: Met dien verstande dat skriftelike aansoek om laasgenoemde rabat gedoen word voor 30 Junie 1980.

Die belasting soos hierbo gehef, word soos volg verskuldig:

- 25% op 31 Julie 1979
- 25% op 1 Oktober 1979
- 25% op 1 Januarie 1980
- 25% op 1 April 1980

en is, ingevolge die bepalings van artikel 25(4), soos volg betaalbaar:

- (i) Dorpsseienaars van geproklameerde dorpsgebiede:

In twee (2) gelyke paaiemente voor of op 30 September 1979 en 31 Maart 1980 op alle eiendom ge-

registreer in hulle name soos op 1 Julie 1979.

(ii) Eiendomme wat in die naam van die Suid-Afrikaanse Spoerweë geregistreer is en nie vrygestel is van die betaling van eiendomsbelasting nie:

In een (1) betaling voor of op 31 Desember 1979.

(iii) Alle ander cienaars:

In twaalf (12) maandelikse paaiemente, die eerste paaiment betaalbaar voor of op 15 Augustus 1979 en daarna maandeliks voor of op die vyftiende dag van elke daaropvolgende maand.

Indien die belasting hierby gehef nie op die betaaldatum soos hierbo genoem betaal word nie, word 'n boeterente per jaar gehef soos van tyd tot tyd deur die Administrator ingevolge die bepalings van artikel 25(3) bepaal.

Belastingbetaalers wat nie rekenings ten opsigte van die belasting hierbo genoem ontvang nie, word versoek om met die Stadsstesourier in verbinding te tree aangesien die nie-ontvangs van 'n rekening niemand van die aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige belasting, onthof nie.

Q. W. VAN DER WALT,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Margaretlaan,
(Posbus 13),
Kemptonpark.
11 Julie 1979.
Kennisgewing 37/1979.

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK.

ASSESSMENT RATES: 1979/1980.

Notice is hereby given, in terms of section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance, 20 of 1933, as amended, that the following assessment rates are levied on the site value of rateable properties within the municipal area of Kempton Park, for the financial year 1 July, 1979, to 30 June, 1980, as appearing on the Valuation Roll:

- (i) In terms of section 18(2), an original rate of zero comma five cent (0,5 cent) in the Rand on the site value of land;
- (ii) in terms of section 18(3), an additional rate of two comma five cent (2,5 cent) in the Rand on the site value of land;
- (iii) in terms of section 18(7)(a), a rebate of five per cent (5%) is granted on the rates imposed on all property zoned for "Special Residential", and "General Residential" in terms of the Council's Town-planning Scheme in operation and a further rebate of twenty per cent (20%) in respect of all properties zoned for "General Residential" on which a single dwelling is erected and if such dwelling is occupied by the registered property owner: Provided that written application for the latter rebate shall be submitted before 30 June, 1980.

The rates imposed as set out above, shall become due as follows:

25% on 31 July, 1979

25% on 1 October, 1979

25% on 1 January, 1980

25% on 1 April, 1980

and are payable as follows in terms of section 25(4):

(i) Owners of Proclaimed Townships: In two (2) equal instalments on or before 30 September, 1979 and 31 March, 1980, on all property registered in their name as at 1 July, 1979.

(ii) Properties registered in the name of the South African Railways which are not exempted from the payment of assessment rates:

In one (1) payment on or before 31 December, 1979.

(iii) All other owners:

In twelve (12) monthly instalments, the first payment payable on or before 15 August, 1979, and thereafter monthly on or before the fifteenth day of every following month.

If the rates hereby imposed are not paid on the dates specified above, penalty interest per annum will be charged at a rate published from time to time by the Administrator in terms of section 25(3).

Ratepayers who do not receive accounts in respect of the assessment rates referred to above, are requested to communicate with the Town Treasurer as the non-receipt of accounts shall not exempt any person from liability for payment of such rates.

Q. W. VAN DER WALT,
Town Clerk.

Town Hall,
Margaret Avenue,
(P.O. Box 13),
Kempton Park.
11 July, 1979.
Notice No. 37/1979.

563—11

KRUGERSDORP MUNISIPALITEIT.

VERVREEMDING VAN GARAGE- EN NYWERHEIDSERWE IN CHAMDOR EN CHAMDOR UITBREIDING 1.

Kragtens die bepalinge van artikel 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur No. 17 van 1939, word vir algemene inligting bekend gemaak dat die Stadsraad van Krugersdorp op 'n vergadering wat op 25 Junie 1979 gehou is, besluit het om behoudens die goedkeuring van die Administrator, die ondergenoemde erwe in Chamdor en Chamdor Uitbreiding 1 per openbare veiling te verkoop teen minstens die pryse wat daarteenoor aangedui is:

Erf No. 67, dorpsgebied Chamdor, grootte 0,8256 ha, sonering Nywerheid, insetprys R54 000; Erf No. 258, dorpsgebied Chamdor Uitbreiding 1, grootte 2,8546 ha, sonering Nywerheid, insetprys R97 700; Erf No. 195, dorpsgebied Chamdor Uitbreiding 1, grootte 0,7633 ha, sonering Garage, insetprys R50 100.

'n Plan van die ligging van die erwe lê gedurende kantoorure in die Stadhuis, Krugersdorp, ter insae...

Enigiemand wat béswaar teen die voorname verkoop van bogemelde erwe wil

maak, moet dit skriftelik op of voor 25 Julie 1979 doen.

J. J. L. NIEUWOUDT,
Stadsklerk.

Posbus 94,
Krugersdorp.
1740.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 55/1979.

MUNICIPALITY OF KRUGERSDORP.

ALIENATION OF GARAGE ON INDUSTRIAL ERVEN IN CHAMDOR AND CHAMDOR EXTENSION 1 TOWNSHIP.

In terms of section 79(18) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, it is notified for general information on that the Town Council of Krugersdorp, at its meeting held on 25 June, 1979, resolved that subject to the consent of the Administrator, the undermentioned erven be sold by public auction at not less than the prices stated opposite the erf numbers.

Erf No. 67, township Cham dor, area 0,8256 ha, zoning Industrial, minimum price R54 000; Erf No. 258, township Cham dor Extension No. 1, area 2,8546 ha, zoning Industrial, minimum price R97 700; Erf No. 195, township Cham dor Extension No. 1, area 0,7633 ha, zoning Garage, minimum price R50 100.

A plan indicating the locality of these erven is available for inspection at the Town Hall, Krugersdorp, during normal office hours.

Any person who is desirous of lodging an objection against the proposed alienation of the said erven, must do so in writing on or before 25 July, 1979.

J. J. L. NIEUWOUDT,
Town Clerk.

P.O. Box 94,
Krugersdorp.
1740.
11 July, 1979.
Notice No. 55/1979.

564—11

- STADSRAAD VAN MESSINA.
- AANNAME VAN WYSIGINGS VAN —
- 1. STANDAARD ELEKTRISITEITSVERDENINGE.
- 2. STANDAARD REGLEMENT VAN ORDE.
- 3. STANDAARD BIBLIOTEEKVERORDENINGE.

Daar word hierby ingevolge artikel 96bis(2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No. 17 van 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die Raad van voorne me is om:

(1) Die Standaardelektrisiteitsverordeninge soos aangekondig deur Administrateurskennisgewing 1627 van 24 November 1971, te wysig deur die standaard wysiging aangekondig deur Administrateurskennisgewing No. 264 van 1 Maart 1978, aan te neem.

(2) Die Standaard Reglement van Orde soos aangekondig deur Administrateurskennisgewing No. 1049, van 16 Oktober 1968, te wysig deur die standaard wysiging aangekondig deur Administrateurskennisgewing 307 van 21 Maart 1979, aan te neem.

Die algemene strekking van die wysigings is om die Standaardverordeninge op die Raad van toepassing te maak.

(3) Die Standaard Biblioteekverordeninge aangekondig deur Administrateurskennisgewing 218 van 23 Maart 1966, soos gewysig, verder te wysig om die gelde betaalbaar vir die uitreiking van 'n duplikaatbewys van lidmaatskap na tien sent te verhoog.

Afskrifte van die voorgestelde wysigings lê ter insac by die kantoor van die ondergetekende vir 'n periode van 14 (veertien) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik by die ondergetekende indien voor of op 27 Julie 1979.

D. C. BOTÉS,
Stadsklerk.

Privaatsak X611,
Messina.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 12/1979

TOWN COUNCIL OF MESSINA.

ADOPTION OF THE AMENDMENT TO —

1. STANDARD ELECTRICITY BY-LAWS.
2. STANDARD STANDING ORDERS.
3. STANDARD LIBRARY BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96bis(2) of the Local Government Ordinance, No. 17 of 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to:

(1) Amend the Standard Electricity By-laws as published under Administrator's Notice 1627 of 24 November, 1971, by adopting the standard amendment to the Electricity By-laws as published under Administrator's Notice No. 264 of 1 March, 1978.

(2) Amend the Standard Standing Orders as published under Administrator's Notice 1049 of 16 October, 1968, by adopting the standard amendment to the Standing Orders as published under Administrator's Notice 307 of 21 March, 1979.

The general purport hereof is that the abovementioned amendments be made applicable to the Council.

(3) Amend the Standard Library By-laws published under Administrator's Notice 218 of 23 March, 1966, as amended, to increase the fee payable in respect of the issuing of duplicate membership card to ten cents.

Copies of the proposed amendments are open for inspection at the office of the undersigned for a period of 14 (fourteen) days from date of publication hereof.

Any person who wishes to object against the proposed amendments, must lodge such objection in writing with the undersigned not later than 27 July, 1979.

D. C. BOTÉS,
Town Clerk.

Private Bag X611,
Messina.
11 July, 1979.
Notice No. 12/1979.

565—11

STADSRAAD VAN MIDDELBURG, TRANSVAAL.

WYSIGING VAN BRANDWEERVERDENINGE.

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, bekend gemaak dat die Stadsraad van Middelburg, Transvaal van voorname is om die Brandweerverdening, aangekondig deur Administrateurskennisgewing 42 van 12 Januarie 1966, soos gewysig, verder te wysig, deur die tarief van gelde vir die levering van brandbestrydingsdienste te verhoog.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insac in die kantoor van die Stadssekretaris vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysigings wens aan te teken, moet sodanige beswaar skriftelik by die Stadsklerk binne veertien (14) dae na die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing in die Proviniale Koerant indien.

P. F. COLIN,
Stadsklerk.

Munisipale Geboue,
Posbus 14,
Middelburg,
1050.
11 Julie 1979.

TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG, TRANSVAAL.

AMENDMENT TO FIRE BRIGADE BY-LAWS.

It is hereby notified in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, that the Town Council of Middelburg, Transvaal, intends to further amend the Fire Brigade By-laws published under Administrator's Notice No. 42, dated January, 12, 1966, as amended, by increasing the tariffs for the services of the fire brigade.

Copies of these amendments are open for inspection at the office of the Town Secretary for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record his objection to the said amendment must submit such objection in writing to the Town Clerk within fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

P. F. COLIN,
Town Clerk.

Municipal Buildings,
P.O. Box 14,
Middelburg,
1050.
11 July, 1979.

566—11

STADSRAAD VAN MIDDELBURG, TRANSVAAL.

EIENDOMSBELASTING 1979/80.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 26(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) dat 'n algemene eiendomsbelasting van 6c in die Rand op die terreinwaarde van grond of op die terreinwaarde van 'n reg in grond onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur ingevolge die bepalings van artikel 21(3) van gemelde Ordonnansie ge-

durende die boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 gehef word.

'n Rabat van 30 % sal toegestaan word op die belasting betaalbaar ten opsigte van alle persele wat vir besigheidsdoeleindes gesoneer is ingevolge die Middelburg Dorpsbeplanningskema, 1974, en wat uitsluitlik vir residensiële doeleindes gebruik word.

Die belasting soos hierbo gehef is ver-skuldig en betaalbaar op 1 Julie 1979, maar mag, vir die gerief van belastingbetalers, in maandelikse paaiememente betaal word soos aangetoon sal word op rekenings wat gelewer word. As enige maandelikse paaiemement egter nie op die vervaldatum betaal word nie, sal die saldo van die belasting vir die jaar, onmiddellik betaalbaar wees.

Indien die belasting nie betaal word soos hierbo uiteengesit nie, sal rente teen elf en een kwart (11,25) persent per jaar, of sodanige hoër tarief as wat ingevolge artikel 27(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977, saamgelees met artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, of enige wysiging van toepassing gemaak word, maandeliks berekenbaar, gehef word op alle uitstaande bedrae, en mag geregtelike stappe teen wanbetalers ingestel word.

Nie-ontvangs van rekenings, onthef nie belastingpligtiges van hulle verantwoordelikheid om te betaal nie.

P. F. COLIN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Posbus 14,
Middelburg.
1050.

11 Julie 1979.

TOWN COUNCIL OF MIDDLEBURG, TRANSVAAL.

ASSESSMENT RATES 1979/80.

Notice is hereby given in terms of section 26(2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977) that a general rate of 6c in the Rand is levied on the site value of land or on the site value of a right in land, subject to the approval of the Administrator in terms of the provisions of section 21(3) of the said Ordinance for the financial year July 1, 1979 to June 30, 1980.

A rebate of 30 % will be granted on the rates imposed on all premises zoned for business purposes in accordance with the Middelburg Town-planning Scheme, 1974, and which premises are solely used for residential purposes.

The above rates are due and payable on July 1, 1979, but for the convenience of ratepayers, the said rates may be paid in monthly instalments as will be indicated on accounts which are rendered. If, however, any monthly instalment is not paid on due date, the balance of the rates for the year will become payable immediately.

If the rates are not paid as set out above, interest at eleven and one quarter (11,25) per cent per annum, or any higher rate which may legally be charged in terms of section 27(2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 read with section 50A of the Local Government Ordinance, 1939, or any amendment thereof, calculated monthly, will be levied on all outstanding amounts, and legal proceedings may be taken against defaulters.

Non receipt of accounts will not exempt ratepayers of liability for payment.

P. F. COLIN,
Town Clerk.
Municipal Offices,
P. O. Box 14,
Middelburg.
1050.
11 July, 1979.

567—11

DORPSRAAD VAN MORGENZON.

WYSIGING VAN BEGRAAFPLAAS- VERORDENINGE.

Daar word ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad voornemens is om die volgende verordeninge te wysig:—

1. Die Begraafplaatsbywetten van Munisipaliteit van Morgenzon aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 89 van 24 Februarie 1920, soos gewysig.

Die strekking van hierdie wysiging is 'n tariefverhoging. 'n Afskrif van hierdie wysigings lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinciale Koerant, by die ondergetekende doen.

J. J. MARNEWICK,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Morgenzon,
Posbus 9,
Morgenzon.
2315.
11 Julie 1979.

VILLAGE COUNCIL OF MORGEN- ZON.

AMENDMENT TO CEMETERY BY- LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends to amend the following by-laws:—

1. The Cemetery By-laws of the Municipality of Morgenzon published under Administrator's Notice 89, dated 24 February, 1920, as amended.

The effect of the amendment will be an increase in tariffs. A copy of the proposed amendments will lie for inspection in the office of the Council for a period of 14 days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to object to the proposed amendments must lodge such objection with the undersigned, in writing within 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J. J. MARNEWICK,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Morgenzon,
P.O. Box 9,
Morgenzon.
2315.
11 July, 1979.

PLAASLIKE BESTUUR VAN MOR- GENZON.

KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGS- LYS AANVRA.

(Regulasie 5.)

Kennis word hierby ingevolge artikel 12(1)(a)36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige waarderingslys vir die boekjaar/jare 1979/83 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Plaaslike Bestuur van Morgenzon vanaf 13 Julie 1979 tot 13 Augustus 1979 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begrig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleenthed in die voorlopige waarderingslys opgeteken soos in artikel 10/34 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte onderworpe is aan die betaling van eiendoms of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglatting van enige aangeleenthed uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

J. J. MARNEWICK,
Stadsklerk.

Dorpsraad,
Bothastraat 193,
Morgenzon,
2315.
11 Julie 1979.

LOCAL AUTHORITY OF MORGEN- ZON.

NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL VALUATION ROLL.

(Regulation 5.)

Notice is hereby given in terms of section 12(1)(a)36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977) that the provisional valuation roll for the financial year/years 1979/83 is open for inspection at the office of the local authority of Morgenzon from 13 July, 1979 to 13 August, 1979 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional valuation roll as property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

J. J. MARNEWICK,
Town Clerk.

Village Council,
193 Botha Street,
Morgenzon,
2315.
11 July, 1979.

568—11

STADSRAAD VAN NELSPRUIT.

KENNISGEWING VAN EIENDOMSBE-
LASTING: 1979/80.

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 26 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977, soos gewysig (hierna die Ordonnansie genoem), dat die Stadsraad van Nelspruit die volgende belasting op die waarde van belasbare eiendom binne die munisipaliteit soos dit op die waarderingslys verskyn, vir die boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 opgelê het:

- (a) ingevolge die bepalings van artikel 21(3)(a) van die Ordonnansie 'n oorspronklike belasting van 3c in die rand op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipaliteit, opgename in die waarderingslys vir die 1979/80 finansiële jaar;
- (b) ingevolge die bepalings van artikel 21(3)(a) van die Ordonnansie 'n verdere belasting van 1c in die rand op die terreinwaarde van alle grond binne die munisipaliteit, opgename in die waarderingslys vir die 1979/80 finansiële jaar.

- (c) ingevolge die bepalings van artikel 21(4) van die Ordonnansie 'n korting van 25% toegestaan word op die belasting betaalbaar vir alle spesiale woonerwe binne die munisipaliteit, opgename in die waarderingslys vir die 1979/80 finansiële jaar.

Bovermelde belasting is verskuldig op 1 Julie 1979, en betaalbaar voor of op 31 Oktober 1979 en waar belasting wat hierlangs opgelê is nie teen 31 Oktober 1979 betaal word nie, sal rente teen 'n koers van 11,25% per jaar gehef word en mag summiere geregtelike stappe vir die invordering daarvan teen die wanbetalers ingestel word.

P. R. BOSHOFF,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Posbus 45,
Nelspruit,
1200.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 81/79.

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT.

NOTICE OF ASSESSMENT RATES:
1979/80.

Notice is hereby given in terms of section 26 of the Local Authority Rating Ordinance, 1977, as amended (hereinafter referred to as the "Ordinance"), that the following rates on the value of all rateable property within the municipality appearing in the valuation roll have been imposed by the Town Council of Nelspruit for the financial year, 1 July, 1979, to the 30th June, 1980:-

- (a) in terms of section 21(3)(a) of the Ordinance an original rate of 3c in the rand on the site value of all land within the municipality appearing in the valuation roll for the financial year 1979/80;
- (b) in terms of section 21(3)(a) of the Ordinance an additional rate of 1c in the rand on the site value of all land within the municipality appearing in the valuation roll for the financial year 1979/80;

(c) in terms of section 21(4) of the Ordinance a rebate of 25% be granted on the rates payable on the site value of all special residential stands within the municipality appearing in the valuation roll for the financial year 1979/80,

The aforementioned rates are due on the 1st July, 1979 and payable before or on the 31st October, 1979, and where the rates hereby imposed are not paid on or before the 31st October, 1979, interest will be charged at a rate of 11,25% per annum and summary legal proceedings for the recovery thereof may be instituted against the defaulter.

P. R. BOSHOFF,
Town Clerk.

Town Hall,
P.O. Box 45,
Nelspruit,
1200.
11 July, 1979.
Notice No. 81/79.

570—11

STADSRAAD VAN NELSPRUIT.
WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 dat die Stadsraad van Nelspruit van voorneme is om:

(1) Die Standaard Rioleringsverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 665 van 8 Junie 1977 soos deur die Stadsraad aanvaar, verder te wysig deur die tarief van geldie in die bylae, met 30% te verhoog, uitgesonderd aansoekgeldie ingevolge artikel 23(1) van die gemelde Verordeninge.

(2) Die Sanitäre- en Vullisverwyderingsverordeninge van die Munisipaliteit Nelspruit, deur die Stadsraad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1171 van 16 Augustus 1978 te wysig deur die tarief van geldie in die bylae met 16% te verhoog.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadssekretaris vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinciale Koerant. Enige persoon wat bewaar teen die wysiging van genoemde verordeninge wens aan te teken, moet dit skriftelik aan die Stadsklerk rig, binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinciale Koerant.

P. R. BOSHOFF,
Stadsklerk.

Stadhuis,
Posbus 45,
Nelspruit,
1200.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 80/79.

TOWN COUNCIL OF NELSPRUIT.

AMENDMENT OF BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 that the Town Council of Nelspruit intends to:-

(1) Amend the Standard Drainage By-laws, published under Administrator's Notice 665 dated 8th June, 1977 as adopted by the Town Council, further to increase the tariff of charges in the schedule with 30% excluding application fees provided for in terms of section 23(1) of the By-laws.

(2) Amend the Refuse (Solid Wasters) and Sanitary By-laws of the Nelspruit Municipality, adopted by the Town Council by Administrator's Notice 1171 dated 16th August, 1978, further to increase the tariff of charges in the schedule with 16%.

Copies of the amendments are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary for a period of 14 days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette. Any person who desires to record his objection to the amendment of the said By-laws, must do so in writing to the Town Clerk within 14 days of the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

P. R. BOSHOFF,
Town Clerk.

Town Hall,
P.O. Box 45,
Nelspruit,
1200.
11 July, 1979.
Notice No. 80/79.

571—11

STADSRAAD VAN NIGEL.

EIENDOMSBELASTING: 1979/80.

Kennis word hiermee gegee, kragtens die bepalings van artikel 24 van die Plaaslike Bestuur-Belastingordonansie 1933, dat die Stadsraad van Nigel die volgende belastings op die waarde van belasbare eiendom soos dit in die 1977/80 Driejaarlikse Waarderingslys en enige daaropvolgende tussentydse waarderingslys verskyn binne die munisipale gebied vir die boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 gehef het.

(1) 'n Oorspronklike belasting van 'n halwe sent in die rand op die terreinwaarde van alle grond, ooreenkomsdig artikel 18(2) van die Ordonnansie.

(2) 'n Addisionele belasting van 2½ sent in die rand op die terreinwaarde van grond ooreenkomsdig artikel 18(3) van die Ordonnansie.

(3) 'n Ekstra addisionele belasting van 3½ sent in die rand op die terreinwaarde van grond of belang in grond in besit van enige elektrisiteitsonderneming, ooreenkomsdig artikel 20 van die Ordonnansie.

(4) Onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur 'n ekstra addisionele belasting van 2 sent in die rand op die terreinwaarde van grond ooreenkomsdig artikel 18(5) van die Ordonnansie.

(5) 'n Addisionele belasting van 3 sent in die rand ooreenkomsdig artikel 21(1) van die Ordonnansie verminder soos bepaal deur artikel 21(1)(v) van die Ordonnansie op die waarde van verbeterings geleë op grond kragtens mynbrief besit (uitgesonderd grond in 'n wettige dorp), asook die terreinwaarde van sodanige grond waar bedoelde grond vir woondoeleindes gebruik word of vir doeleindes wat nie op mynontginning betrekking het nie deur persone of maatskappye wat betrokke is in mynontginning.

Ingevolge die bepalings van artikel 18(7) van die Ordonnansie sal 'n korting van 15% toegestaan word op alle eiendomme wat ooreenkomsdig die Dorpsaanlegskema as "Spesiale Woon" gesoneer is.

Bogenoemde belastings is verskuldig op 1 Julie 1979 en betaalbaar voor of op 1 Oktober 1979. Rente teen 8% (agt per centum) per jaar bereken met ingang van 1 Oktober 1979 sal gevorder word op alle

bedrae wat op 30 Junie 1980 nog nie ten volle betaal is nie.

P. M. WAGENER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Nigel.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 32/1979.

**TOWN COUNCIL OF NIGEL:
ASSESSMENT RATES: 1979/80.**

Notice is hereby given in terms of section 24 of the Local Authorities Rating Ordinance No. 20 of 1933, that the Town Council of Nigel, imposed the following assessment rates on all rateable properties within the municipal area of Nigel, as appearing in the 1977/80 Triennial Valuation Roll and any subsequent Interim Valuation Rolls for the financial year 1 July, 1979, to 30 June, 1980.

(1) An original rate of half a cent in the rand on the site value of all land in terms of section 18(2) of the Ordinance.

(2) An additional rate of 2½ cent in the rand on the site value of land in terms of section 18(3) of the Ordinance.

(3) An extra additional rate of 3½ cent in the rand on the site value of land or interest in land held by any Power undertaking in terms of section 20 of the Ordinance.

(4) Subject to the approval of the Administrator, a further additional rate of 2 cent in the rand on the site value of the land in terms of section 18(5) of the Ordinance.

(5) An additional rate of 3 cent in the rand in accordance with section 21(1) of the Ordinance, and reduced in terms of the provisions of section 21(1)(v) of the Ordinance, of the value of improvements situate on land held under mining title (not being land in a lawfully established township) as well as on the site value of such land, where such land is used for residential purposes or for purposes not incidental to mining operations by persons or companies engaged in mining operations.

In terms of section 18(7) of the Ordinance a rebate of 15% will be granted on all properties zoned as "special residential" in terms of the Town Planning Scheme.

The abovementioned rates are due on the 1st July, 1979, and are payable on or before the 1st October, 1979, and interest at the rate of 8% (eight per centum) per annum will be charged with effect from 1st October, 1979, in respect of all rates unpaid on 30 June, 1980.

P. M. WAGENER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Nigel.
11 June, 1979.
Notice No. 32/1979.

572—11

DORPSRAAD OTTOSDAL.

Kennisgewing van Algemene Eiendomsbelasting en van vasgestelde dag vir betaling ten opsigte van die boekjaar 1 Julie 1979 to 30 Junie 1980.

Kennis geskied hiermee dat, ingevolge artikel 26 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, Ordonnansie 11 van 1977, die volgende alge-

mene eiendomsbelasting ten opsigte van bogenoemde boekjaar gehef is op alle belasbare eiendom in die Waarderingslys opgeteken:

- (a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, 3 (drie) sent in die rand (R1);
- (b) Onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, 'n verdere bykomende belasting van vier sent (4c) in die rand (R1) op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond.

Die belasting soos hierbo gehef, word verskuldig op 1 Julie 1979 maar is betaalbaar, of maandeliks of in twee gelyke paaemente, die eerste helfte voor of op 31 Oktober 1979 en die tweede helfte voor 31 Maart 1980. Rente teen 8% per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

E. HITLER VAN PLETSEN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Ottosdal.
11 Julie 1979.
Kennisgewing No. 151/4/1.

OTTOSDAL, TOWN COUNCIL.

Notice of General Rates and of fixed date for payment in respect of financial year 1 July, 1979 to 30th June, 1980.

Notice is hereby given that, in terms of section 26 of the Local Authorities Rating Ordinance, 11 of 1977, the following general rates have been levied in respect of the abovementioned financial year on all rateable property recorded in the valuation roll.

- (a) on the site value of any land or right in land, 3 (three) cents in the Rand (R1).
- (b) subject to the approval of the Administrator, an additional rate of four (4c) cents in the rand (R1) on the site value of any land or right in land.

The rates imposed as set out shall be payable either monthly or in two equal instalments, the first half on or before the 31st October, 1979 and the second half before 31st March, 1980. Interest of 8% per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

E. HITLER VAN PLETSEN,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Ottosdal.
11 July, 1979.
Notice No. 151/4/1.

573—11

PLAASLIKE BESTUUR VAN PIETERSBURG.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING OF EIENDOMSBELASTINGS EN VAN VASGETELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1979 TOT 30 JUNIE 1980.

(Regulasie 17)

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) of (b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die

volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die voorlopige waarderingslys opgeteken —

- (a) op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, 3,5 sent in die Rand.

Ingevolge artikel 21(4) van die genoemde Ordonnansie word 'n korting van 30 persent op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond, genoem in paragraaf (a) hierbo, toegestaan ten opsigte van spesiale woonpersele, algemene woonpersele en besigheidspersle' (wat in elke geval uitsluitlik vir spesiale woondoeleindes gebruik word). Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting, soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog, is in 12 (Twaalf) gelyke maandelikse paaemente betaalbaar; die eerste op 7 Augustus 1979 en daarna op die sewende dag van elke maand tot 7 Julie 1980.

Rente teen 'n tarief soos die Administrateur van tyd tot tyd in die Offisiële Koerant bepaal en wat tans 11,25 persent per jaar is, is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

J. A. BOTES,
Stadsklerk.

Burgersentrum,
Pietersburg.
11 Julie 1979.

LOCAL AUTHORITY OF PIETERSBURG.

NOTICE OF GENERAL RATE OR RATES AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY, 1979, TO 30 JUNE, 1980.

(Regulation 17)

Notice is hereby given that in terms of section 26(2)(a) or (b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the provisional valuation roll —

- (a) on the site value of any land or right in land: 3,50 cents in the Rand.

In terms of section 21(4) of the said Ordinance, a rebate on the general rate levied on the site value of land or any right in land referred to in paragraph (a) above, of 30 per cent is granted in respect of special residential stands, general residential stands and business stands (which are in each case being used solely for special residential purposes). The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable in 12 (Twelve) equal instalments, the first being payable on 7th August, 1979, and thereafter on the 7th day of each month up to the 7th July, 1980.

Interest at a rate determined by the Administrator from time to time in the Official Gazette and which is at present 11,25 per cent per annum, is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

J. A. BOTES,
Town Clerk.

Civic Centre,
Pietersburg.
11 July, 1979.

574—11

PLAASLIKE BESTUUR VAN POTCHEFSTROOM.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING OF EIENDOMSBELASTINGS EN VAN VASGETELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1979 TOT 30 JUNIE 1980.

Kennis word hierby, ingevolge artikel 26(2)(a) of (b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) gegee dat die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bovenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die voorlopige waarderingslys opgeteken:

Op die terreinwaarde van enige grond, of reg in grond: Sc in die Rand.

Ingevolge artikel 21(4) van die genoemde Ordonnansie word 'n korting van 20 persent op die algemene eiendomsbelasting gehof op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond, genoem in paragraaf (a) of (b) hierbo, toegestaan ten opsigte van die volgende klasse van grond, naamlik:

- (1) Algemene woon.
 - (2) Beperkte residensieel.
 - (3) Spesiaal (slegs vir woonstelle).
